P KKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVI VRYDAG, 4 JUNIE 1971 Nr. 8

( CHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# Matie-Voorsitter Antwoord Verskuldig Op Teenstrydige Uitsprake

## President Daag Etienne De Villiers

„DIT KAN AANGEVOER WORD dat die koerantartikel verkeerde berigstelling was, maar dan vereis dit tog seker 'n openbare regstelling indien dit so was'', skryf die President van die Afrikaanse Studentebond, mnr. Roelf Meyer, in 'n ope brief aan die Voorsitter van die Studenteraad van Stellenbosch, mnr. Etienne de Villiers, na aanleiding van 'n berig wat in 'n Engelse Sondagkoerant verskyn het en sekere uitlatings wat mnr. de Villiers gemaak het.

Die berig het gehandel oor 'n verligte **breakthrough**'' op Stellenbosch wat volgens die brief deur mnr. De Villiers onderskryf word.

**Disaffiliasie ten goede.**

Verder lei mnr. Meyer uit die berig af dat mnr. De Villiers **hierdie deurbraak toeskryf aan die disaffiliasie van Stellenbosch by die ASB** in 1968. Hy skryf: „Volgens die berig beskou u dit dus ten goede dat Stellenbosch met die ASB gebreek het, want dit het Stellenbosch in staat gestel om **onafhanklik te wees in sy denke.** Dit het voorts die gevolg gehad **dat u Studenteraad 'n pragmatiese hantering van sake het** omdat u dan nie gebind is deur enige bepaalde beginsels nie — sake word hanteer soos dit voorkom.''

**Teenstrydig.**

Mnr. Meyer voer dan aan dat hierdie uitspraak, soos weergegee in die bepaalde berig, in stryd lyk met ander uitsprake wat mnr. De Villiers gemaak het.

„Tydens u Studenteraad se besoek aan die U.O.V.S. op 26 Maart vanjaar, het u in 'n vergadering (met die U.V. -S.R.) onder andere gemeld **dat u besef Stellenbosch is geïsoleerd as gevolg van die disaffiliasie met die ASB en dat u ten gunste van heraffiliasie by die ASB is.**''

Mnr. Meyer wys voorts daarop dat mnr. De Villiers ten tyde van die heraffiliasiepoging verlede jaar in die mondstuk van die A.S.V.S. (Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch) geskryf het dat „Die Studenteraad van 'n Afrikaanse Universiteit . . . nie slegs die reg en verantwoordelikheid (het) om na buite deur affiliasie by die ASB uitdrukking te gee aan die Christelike-Nasionale beginsels waarvoor hy staan nie, . . . ''

**Duidelike kontras.**

„Daar lê vir my 'n duidelike kontras tussen die uitsprake van u hierbo verwys en die verklaring teenoor die koerant. Ek sal dit waardeer indien u vir my hierdie oënskynlike twee teenstrydige standpunte kan verduidelik en opklaar'' **skryf hy verder.**

Mnr. Meyer wys verder daarop dat mnr. De Villiers skynbaar die grondslag van die ASB onderskryf en wil dan weet hoekom daar in die genoemde berig staan dat Stellenbosch nou pragmaties kan optree — dus in stryd met die grondslag van die ASB.

*Die Wapad* **plaas in die uitgawe van 18 Junie 'n Bylaag waarin loopbane vir studente uiteengesit word. Hou** *Die Wapad* **dop.**

## Daar he'jy dit!



**Sieker die basies skryf eksamnen, sieker dis hoekom dit so stil is.**

## Puk Is Terug

Paul Hoogendyk wat gedurende die Aprilvakansie in 'n motorongeluk beseer is, is uit die hospitaal ontslaan en sit reeds sy studies in alle erns voort. Na verneem word het hy geen ernstige letsels opgehou nie.

## Keuring

Die keuring van die revue wat vanjaar deur Thalia op die planke gebring word, vind moreaand plaas. Intussen word daar nog heelwat geskaaf en afgerond om alles in finale gereedheid te kry.

**REGSTELLING.**

In *Die Wapad* van 7 Mei Die bedrag in *Die Wapad* van 7 Mei genoem as synde kontant ontvang deur die Aptekerstudente moet lees R96,00 in plaas van R9 600. Verskoning word gevra vir ongerief wat veroorsaak kon word.

# Karnaval onder skoot

**DAAR WORD MET AFWAGTING uitgesien na die beskikbaarstelling van die verslag oor die Karnaval wat eerskomende Dinsdag voor die Studenteraad moet dien.**

Die Studenteraad het op sy laaste vergadering 'n kommissie bestaande uit mnr. Kobus Booyens (Voorsitter van die Karnavalkomitee), Kobus van der Walt (Ondervoorsitter van die Studenteraad), Frans Kruger en Dawie Swanepoel aangestel om aandag aan sekere espekte van Karnaval te gee. Die bevindinge van hierdie kommissie sal in die Karnavalverslag opgeneem word.

Die sake waaroor uitsluitsel gegee moet word is: deelname van studente en die publiek aan karnavalaskeis, besoekende kunstenaars vir konserte, die tydsduur en tydstip van karnaval.

Verskeie persone het reeds aan *Die Wapad* menings in hierdie verband gelug, sodat die kommissie se bevindinge van groot waarde kan wees.



**Die foto is geneem tydens die Republiekfeesvierings wat op Potchefstroom gehou is. Die Fees is deur sowat twintig-duisend mense op die Olënpark bygewoon.** *Foto: Fotokuns.*

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 28b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK




Daar is werklik min dinge wat dieselfde weerklank vind as juis 'n bouery. Alle soorte van boubedrywighede. En die kampus getuig daarvan waar jy ookal gaan. Van die koshuiskamer tot die biblioteek beweeg jy daardeur of daarom. Van klaskamer tot klaskamer is jy bewus daarvan. Selfs tydens lesings kan jy kwalik daarvan losgeskeur word. 'n Gedruis en geswoeg van vroeg tot laat.

En ek hou daarvan. Dit smoor die dosent se stem tot agtergrondgeluid indien jy ver veeld raak; maar dit hou jou ook wakker as jy smiddae genoodsaak is om wakker te bly; en dit verander die aansig van 'n plek wat mooi is maar waaraan die daaglikse student gewoon geraak het.

Die vordering bring blydskap oor wat kan wees indien die nodige materiële fasiliteite bestaan. Kalme ruimte vir laboratoriumwerk, rookplek in die biblioteek, genoeg slaapplek vir die mede studente en moontlik een dag ook genoegsame ruimte vir gesellige samesyn in 'n lieflike studentesentrum.

Die mistieke in ontwikkeling is ook nooit gemaklik af te maak nie. Die een gebou na die ander verrys as konkrete bewys daarvan dat die Puk nie versink het in 'n ontkombare groef nie. En dit is mooi.

En moontlik is dit ook simbool van die ontwikkeling op ander gebiede as net die materiële. Dan sou dit die lewenskrag van 'n unieke inrigting uitwys.

Die aantreklikheid van 'n inrigting wat nie weerstaan kan word nie. En dan is dit eers mooi. Dan word dit simbolies van die geesteskrag van dit wat ons ook maar as die eie aanvaar. Maar dit kan meer en beter wees. Dit kan wees die simboliek van dit wat ons wil uitdra en oopgooi voor die massas. Dit waarmee ons die pad oopveg en alle struikelblokke oorwin.

Ook sou dit insluit die lewenskrag van 'n jong volk op die pad van die toekoms. Die pad wat ons bewandel. Al loop ons soms met die kierie. Die kierie van lang hare ('n sogenaamde „gebreide nek") of onelegante kleredrag, of een van die ander tekortkominge wat by geleentheid aan ons uitgewys word.

Dit is maar net die barste in die mure of die skewe fondasies wat die argitekte op gesag van argitekwees nader kwalifiseer as onvoldoende om die gebou waaragtig sterk en mooi te maak.

Die paadjie sal ek nog lank loop, en hierdie dinge sal ek nog baie bedink. Intussen bly die bouery 'n goeie afleiding vir die gedagtes en die oog.

Baie van ons het seker al bankrot gespeel soos die kontrakteurs: omdat ons nie mooi besef het waarmee ons besig gaan wees nie. Omdat ons die terrein nie met oorgawe ondersoek voordat ons begin met die bouery nie.

REFLEKTOR.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

***PRO REGE-PERS BEPERK***

**„die potchefstroomse boekhandel"**

TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM

**GOEIE KOS!**
**FLINKE DIENS!**
**u tevredenheid is ons PLESIER!**

**BAILIEPARK PADKAFEE**

**(Langs die Johannesburgpad geleë).**
Besit ook dranklisensie

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
**Tel. 6670**



# KOMMUNISME BRING SPANNING

## – *Druk Kop Onder*

**IN DIE DENKE van die Russiese kommunisme bestaan geen internasionale situasie sonder enige spanning nie, het dr. Jan du Plessis van die Randse Afrikaanse Universiteit tydens die derde simposium van die sentrum vir Internasionale Politiek verlede Woensdagaand aan die P.U. vir C.H.O. verklaar. Dr. du Plessis het daarop gewys dat die Kommunisme totaal ander betekenisse aan westerse begrippe heg as wat die westerse moondhede en die westerling oor die algemeen daaronder sou verstaan.**

In die denke van die Russiese kommunisme bestaan geen internasionale situasie sonder enige spanning nie, het Dr. Jan du Plessis van die Randse Afrikaanse Universiteit tydens die derde simposium van die sentrum vir Internasionale Politieke verlede Woensdagaand aan die P.U. vir C.H.O. verklaar. Dr. Du Plessis het daarop gewys dat die Kommunisme totaal ander betekenisse aan westerse begrippe heg as wat die westerse moondhede en die westerling oor die algemeen daaronder sou verstaan.

Die skep van 'n spanningsituasie in die internasionale politiek word deur die Kommunisme gevoer tot 'n kritieke toestand en daarop moet noodwendig oorlog of revolusie volg. Die skepping van spanninge in die internasionale verhoudinge tussen verskillende state is 'n integrale deel van die buitelandse politiek van die Kommunisme.

Dit is part en deel van die Russiese Kommunisme dat die ontwikkeling van die mensheid gedryf en gestimuleer is deur konfliksituasies. Indien die spanningselement uit die Russiese Kommunisme weggeneem word, of verdwyn, verbrokkel belangrikste stimulant van die verbreiding van die Kommunistiese ideaal. Dr. Du Plessis het voorts gesê dat die Russiese Kommunisme onderskeid maak tussen revolusie en revolusie.

In die Kommunistiese terminologie bestaan daar twee soorte revolusies nl. progressiewe en negatiewe revolusies. Progressiewe revolusies lei tot die verbreding van die Komminisme en die skepping van 'n Kommunistiese staat in ander dele van die wêreld. Revolusie is deur Chroestjeff beskryf en gedefinieer as die mees menslike daad waardeur die mens sy menslikheid aan andere betoon.

Dr. Du Plessis sê dat die bestaan van 'n spanningsituasie vir 'n onbepaalde tyd kan voortduur sonder dat daar enige verandering in die bestaande posisie intree. **In die prosesse van die realisering van state is dit die beleid van die Russiese Kommunisme om sy mededingers die kop onder die water te druk en self bo uit te kom.** Algemene en partikuliere spanningsituasies word deur die Russiese Kommunisme op internasionale terrein geskep vir die bevordering van die ideologiese motief van die Kommunisme.

Dr. Du Plessis het op 'n baie interessante wyse verklaar dat die Russiese Kommunisme grootliks gebruik maak van die begrip vrede en ewigdurende vrede in die Brezneff doktrine wat as handleiding dien vir die buitelandse politiek van Rusland. **Vrede beteken vir die Russiese Kommunisme slegs die afwesigheid van militêre konflik en niks meer nie.** In 1951 het die Russiesestaat selfs 'n Wet op Vrede aanvaar waarin in baie mooi woorde die ideale van die vrede wat die Kommunisme bely, uiteengesit word. **Daarin word verklaar dat oorlospropaganda 'n misdaad teen die mensheid is.** Dr. Du Plessis het aangetoon dat die verklaring van vrede nie ooreenstem met die verklaring wat verskaf is ten opsigte van die deugde van die progressiewe revolusie nie. Vrede beteken vir die Kommunis die bestaan van 'n gespanne houding op die vlakke van die internasionale politiek terwyl 'n toestand van oorlog as die permanente situasie vir die huidige bedeling, wys voor die bereiking van die wêreldstaat, aanvaar word. **Die politiek op internasionele vlak is die voortsetting van die oorlogstoestand.**

Terwyl die Russiese staat vrede verkondig is dit die party in Kommunistiese Russland wat verantwoordelik is vir die bevordering van die direkte belange van die Kommunisme m.a.w. die skepping van direkte konfliksituasies.

## S.R. Oorhandig Wapen

Die studenteraad het Vrydag tydens die Feesverrigtinge in Pretoria 'n wapen van die PU aan die administrateur van Transvaal, mnr. S. G. van Niekerk, oorhandig.

Die Studenteraad het ook aan die optog wat die vlagdraer vanaf Waterkloof na die plein begelei het, deelgeneem. Die optog was per voertuig en is gelei deur die R10-vaandel.

## S.A.B. WORD GROTER

Die Studenteraad het onlangs by die Sentraal Akademiese Bestuur (S.A.B.) aanbeveel dat die aansoek van die admissiebond om affiliasie goedgekeur word.

### Bereid om te Ruil

**SEUNTJIE (aan die bakker): „My ma sê daar was 'n vlieg in die rosyntjiekoek wat sy gister hier gekoop het."**

**Bakker: „Gaan sê vir jou ma sy moet die vlieg hiernatoe bring en ek sal vir haar 'n rosyntjie gee."**

# Gehoor Betrek by Vasvra

**DIE JAARLIKSE Inter-Koshuisvasvra word op Vrydag 18 Junie in die Frans du Toitgebou (kamer 100) deur A.B.K.K. aangebied.**

Die jaarlikse Inter-Koshuisvasvra word op Vrydag 18 Junie in die Frans du Toitgebou (kamer 100) deur ABKK aangebied.

Elke koshuis kan 'n span van drie lede inskryf om in die vyf afsonderlike afdelings mee te ding. Sodanige span mag egter nie meer as een nagraadse student insluit nie.

Die afdelings waarin meegeding sal word is die volgende: Sport, geskiedenis, algemene kennis, musiek en polities-staatkundige aangeleentheide.

Al die vrae sal handel oor gebeure vanaf op die vroegste 1900.

Die kompetisie sal op twee maniere plaasvind: 'n blitskompetisie waartydens die span wat die eerste kan antwoord die punte kry, en 'n beurtkompetisie waartydens elke span om die beurt geleentheid kry om sy spesifieke vraag te antwoord. In die beurtkompetisie sal die gehoor ook kans kry om deel te nee,m Indien die betrokke span naamlik nie kan antwoord nie, word die vraag aan die gehoor gestel. Die korrekte antwoord sal aan die bepaalde koshuis waaruit die antwoorder afkomstig is, toegeken word.

# *HALFJAARLIKSE EKSAMEN BEGIN*

**DIE FAKULTEIT Lettere en Wysbegeerte skryf van 7 tot 17 Junie 'n halfjaarlikse eksamen waaruit die halfjaarpunt grotendeels bepaal sal word. In alle eerstejaarskursusse is reeds Mei oriënteringstoetse afgelê. In September sal 'n verdere toetsweek gereël word — die sal verpligtend wees vir eerste- en tweedejaarskursusse, maar opsioneel vir die derdejaars.**

Verlede jaar is in Mei en September toetse geskryf. Die verandering is blykbaar daarop gemik om die eerstejaars gewoond te maak aan 'n hoër akademiese standaard. Dit stel die seniors ook in staat om voor die eindeksamen 'n goeie jaarpunt op te bou.

In die fakulteite Ekonomiese Wetenskappe en Regte word nie toetsweke bepaal nie. Toetse word in die loop van die jaar geskryf. Die fakulteit Natuurwetenskappe bepaal toetsperiodes in die loop van die jaar, in Mei - Junie en Augustus - September. In so 'n periode word ses dae vir elke vak opsygesit waarin die toets in die betrokke vak geskryf word.




ONS STEL BEKEND

# Prof. P. J. Pretorius

Die Hoof van die Departement Fisiologie aan die P.U., prof. P. J. Pretorius, is een van die grondleggers van die Hemodinamika, die bestudering van die hartfunksie om 'n vroeë diagnose van hartsiektes te maak, in Suid-Afrika.

Prof. Pretorius het eers in Postmasburg skoolgegaan en later aan die Hoërskool Helpmekaar in Johannesburg. Hy behaal daarna die grade B.Sc. en Hons. B.Sc. met onderskeiding aan die P.U. Sy doktorsgraad, getitel „Experimental Investigations on ultra-low frequency acceleration Ballistocardiography" behaal hy in 1962 aan die Vrije Universiteit, Amsterdam. Aangesien daar heelwat baanbrekerswerk in die proefskrif gedoen is, het die publisering daarvan wêreldwye aandag geniet.

As stigterslid van die Vereniging vir Balistokardiografie en Hemodinamika in 1960 te Woudschoten, Nederland, het prof. Pretorius 'n aansienlike bydrae tot die ontwikkeling in die bepaalde vakgebied gelewer. Verdere kongresse van die Vereniging wat hy bygewoon het en waar hy dikwels opgetree het, is die kongres in Bonn in 1961,



**Prof. P. J. Pretorius.**
*Foto: Fotokuns.*

Brussels in 1962 en die Wêreldkongres in Amsterdam in 1968. In 'n publikasie van die Vereniging, „Ballistocardiography in Cardiovascular research", is groot dele van prof. Pretorius se navorsing opgeneem.

Gedurende 1968 het prof. Pretorius vir ses maande aan die Kardiovaskulêre Navorsingsinstituut van die Universiteit van Kalifornië navorsing in verband met die reguleringsmeganisme van die hart, met betrekking tot die kontrolering van fisiologiese prosesse, gedoen.

Prof. Pretorius is verder lid van die Suidelike Afrika Hartvereniging, die Suid-Afrikaanse Vereniging van Fisici in Geneeskunde en Biologie en ondervoorsitter van die Fisiologiese en Biochemiese Vereniging van Suidelike Afrika.

Uit prof. Pretorius se pen het talle publikasies verskyn, veral in vaktydskrifte soos **Acta Cardiologica** en die **S.A. Medical Journal.** Hy sien groot moontlikhede vir fisioloë in die toekoms en met die oog op toepassing van fisiologiese beginsels in die praktyk is 'n nagraadse kursus in Bedryfsfisiologie in samewerking met die Kamer van Mynwese ingestel.

# Die Studente van Afrika Bedrywig

(DIREKTEUR BUITELANDSE STUDENTEBETREKKINGE VAN DIE A.S.B.)

**UGANDA: Breek met Stamverbondenheid.**

Gedurende November verlede jaar het die **Uganda Makere Students Association** (UMSA) besluit om weg te doen met alle stamverbondenhede. Alle organisasies op die kampus wat enigsins dui op stamgebonde entiteite is ontbind, aangesien, so sê hierdie organisasie, hierdie verenigings alleen 'n negatiewe invloed op die eenheid wat die universiteit bied, uitoefen.

UMSA is lid van NUSU (**National Union of Students of Uganda**).

Die Kampalakampus is beskryf as 'n „den and warehouse of tribal organisations" voordat tot hierdie stap oorgegaan is.

**NIGERIE: Nasiebou.**

NUNS (**National Union of Nigerian Students**) het 'n seminaar gehou oor die probleme verbonde aan nasiebou in Nigerië, sowel as die rol wat studente in hierdie verband kan speel. NUGS en NUSLS (**National Union of Sierra Leon Students**) het ook die byeenkoms bygewoon.

**KENIA: Stamgrondslag speel rol.**

Die afgelope presidentsverkiesing van SUNU (**Students Union of Nairobi University**) het tegelyk op 'n meer demokratiese sowel as skynbaar stamgrondslag plaasgevind. Daar word naamlik berig dat dit 'n tradisie geword het dat een van die minderheidsstamme die president oplewer, aangesien die kandidate uit die groter stamme teen mekaar afgespeel word. John Teka, die nuutverkose president, is uit Kenya (en een van die kleiner stamme) afkomstig, is 26 jaar oud en studeer veeartsenykunde.

Die **Sunday Post** van Kampala berig dat die verkiesing gekenmerk is deur 'n fantastiese poging om gehoor te word. Almal wou praat, sodanig, dat een van die sprekers een aand sonder 'n spreekbeurt moes huiswaarts keer.

'n Verloorder het die sukses van Teka aan die „stammetode" van verkiesing toegeskryf en Teka gevra om die teendeel deur sy optrede te bewys.

**GHANA: Steun Guarilla-oorlogvoering.**

Ondersoek word ingestel na die moontlikheid om die onderskeie Ghanese tale: Twi, Ga, Hausa, Fanti en Dagomba by die Universiteitskollege (aan die kus) aan te bied. Tot dusver is dit slegs in laerskole en sommige sekondêre skole aangebied.

Op die Legon-kampus het die studenteraadsverkiesing ook demokratieser verloop in soveerre die President nie meer deur die verkose lede as kieskollege aangewys is nie, maar deur die massa verkies is.

Gedurende April het die **National Union of Ghana Students** (NUGS) sy agste kongres gehou en onder meer gevra vir 'n intenser guerilla-oorlogvoering teen Suid-Afrika. Verder het hulle die Regering versoek om Kwame Kkrumah uit ballingskap na die land te laat terugkom om te help met die opbou van Ghana. Uit die aard van die saak het die regering hierdie versoek as hoogverraad bestempel!

Die studente het ook aangedring op 'n nasionalisering van private nywerhede, maar 'n losmaking van kommunikasiemedia van die toesig en beheer van die regering.

# S.R.-AFVAARDIGING BY TSWANAFEES

**'N DRIEMAN afvaardiging van die Studenteraad het die Republiekfeesvierings van die Tswanafolk Vrydag in Mafeking bygewoon. Dawie Swanepoel (SR), Alwyn Kraamwinkel (SR) en Faan Coetzee het die fees bygewoon wat deur sowat 15 000 Tswanas van oor die Transvaal bygewoon is.**

Prof. J. H. (Hennie) Coetzee, hoof van die Departement Volkekunde, het as gasspreker opgetree tydens die gelentheid.

**Leuse bekend.**

Kaptein Mangope, Hoofraadslid van die Tswanagebiedsowerheid, het tydens sy rede die leuse van die Tswanavolk bekendgemaak: **Verenig en arbei dat dit mag reën.** Die naam van die Tswanagebied is ook bekendgemaak. Die kommissie wat daarmee belas was het 'n kompetisie uitgeskryf wat egter nie gelei het tot die naam wat uiteindelik aanvaar is nie. Die naam is **Boputatswana: Plek wat die Tswana bymekaar bring.**

**Eie Universiteit.**

Hy het voorts bekendgemaak dat die bydraes van die Tswana vir 'n eie universiteit op R17 514, 58 staan. Daarna het hy ook aan die Kommissaris-Generaal van die Tswana, dr. Kloppers, 'n bedrag van R2 831,55 oorhandig as bydrae tot die bestryding van terrorisme. Verdere bydraes is ook beloof.

Prof. Coetzee het in sy toespraak daarop gewys dat die Afrikaner die pad van vernedering en oorheersing self geloop het en dit ken. Die Afrikaner wil daarom die Tswanavolk help om die pad na selfregering te loop. Dit is egter nie 'n pad wat in een dag afgelê kan word nie.

Hoofraadslid Mangope het hierby aangesluit en gesê dat die Tswana sien dat die Afrikaner ook op ekonomiese gebied saamstaan en sy eie handelsbanke en bougenootskap het. Hy wil dan hê dat die Tswana dit as voorbeeld gebruik en mekaar ook ondersteun. Hulle moet „verenig en arbei sodat dit mag reën."



**Mnr. A. P. Goosens, senior lektor in Farmaseutika aan die Potchefstroomse Universiteit wat aan die begin van Julie vanjaar na Engeland vertrek vir verdere studie. Mnr. Goossens sal van Julie tot Desember by die departement Farmasie van die Chelsea College of Science and Technology aan die University of London navorsing doen in verband met die toepassing van moderne analitiese tegnieke van geneesmiddels.**

# Geskiedenisvereniging Besoek R.A.U.

**DIE HISTORIESE VERENIGING van RAU het 'n uitnodiging tot die Geskiedenisvereniging van die Puk gerig om op Maandag 24 Mei hul kampus te besoek om die bespreking van „Die Verstedeliking Van Die Afrikaner" by te woon.**

Die nege studente het die oggend om nege uur na RAU vertrek en by hul aankoms is hulle op die ou kampus rondgeneem en die terrein van die beoogde nuwe kampus is ook besoek.

Na afloop van die besprekings het die studente 'n toer deur n Lekkergoedfabriek meegemaak. Die studente het na Potchefstroom terug gekeer na 'n suksesvolle dag, en hoop om binnekort 'n soortgelyke uitnodiging aan die studente van RAU te rig.




**HUIS en TUIN**

**TEL. 4641**

★

U NAASTE WINKEL AAN DIE UNIVERSITEIT

ONS SPESIALISEER IN STUDENTEBEHOEFTES

die WAPAD

## Die Afrikaanse Studente en die Kleurlinge

Tydens die hoogtepunt van die Republiekfees in Kaapstad het die geagte Eerste Minister by herhaling die rol van die jeug in die land se vooruitgang en teenslae duidelik gestel. Daar rus naamlik 'n plig op die jongmens van vandag om lewendig betrokke te raak by die dinge wat die land as geheel raak. Nie alleen 'n dinamiese belangstelling nie, maar ook 'n daadwerklike belewing en bydrae tot verdere ontplooiing van dit wat nog op uitrafeling wag. En ook 'n sterk stem ten opsigte van dit wat reeds ontrafel is, maar nog nie getooi is in die regte kleure nie: reformasie van die bestaande.

Hierdie plig verg egter ook die nodige verantwoordelikheid van optrede en die erns van besinning. En dat daar aspekte van ons lewensbestaan is wat na besinning vra staan nie te betwyfel nie. Seker die aktueelste vraagstuk is die toekoms van die Kleurlingbevolking van hierdie Republiek. Die afsonderlike tuislande het saam met die Blankes feesgevier, so-ook die Kleurlinge. Tog lê die verskil daarin dat die Bantoegroepe bly kon wees met die wete dat miskien reeds met die volgende herdenking hulle in vrolikheid kan dink aan die dag toe selfregering ook hulle erfdeel geword het. En die Kleurlinge weet nie of en wanneer hulle in welke vorm ookal dit sal kan herdenk nie.

Die debat is aan die gang; 'n debat waarop die Afrikaanse jeug hom voorberei sodat hy in alle erns daaraan kan deelneem. Hy kan hom allermins daarvan distansieer, want dit sal hy wees wat die pad vorentoe sal moet loop. En hy kan hom nie loop as hy nie weet waarheen daardie pad lei nie. En as hy die pad self help bou sal hy met die nodige selfvertroue dit kan aflê in die bes moontlike tyd. En so gerieflik moontlik vir alle betrokke partye.

Die voorbereiding op die komende ASB-kongres moet dan ook net as die beginpunt van deelname aan hierdie vraagstuk beskou word. En dit kan 'n grootse begin wees.

Maar dan moet daar nou reeds weggedoen word met vooroordele en wanbeelde, versinsels en retoriek. Dan moet daar so gou as moontlik fundamenteel gedink word om helder en skerp die probleemstelling te omlyn en die rigting uit te stippel. Onbevange moet die debat in openlike eerlikheid vasgevat word. En die naasteliefde en geregtigheid moet in Sy Lig gesoek word. Want ons sal ook verantwoording moet doen oor wat ons met ons naaste onder voogdyskap gedoen het.



## WAPADREDAKSIE

**Hoofredakteur** ...... ...... ...... Faan Coetzee Tel. 4868

**Redakteurs/trieses:**

| | |
|---|---|
| Sport | Johann du Pisani 2129 |
| Kuns | Retha Coetzee 2071 |
| Koshuise | Trudie van der Merwe 3214 |
| Politiek | |
| Sosiaal | Ria Ferreira 2119 |
| Akademies | Gerrit Pienaar 6370 |
| Studenteraadsaangeleenthede | Nicolette van der Walt 2069 |
| Foto's | Ben van der Walt 7088 |
| Sirkulasie | Paul Kruger (Kasteel) |
| Spotprente | Andre Schutte |

Die redaksie word geplaas vir die gerief van persone wat met die redaksie in verbinding wil tree met die oog op nuusverskaffing of bydraes van welke aard ookal. Persone wat nog belangstel om mee te help in die aktiwiteite van *Die Wapad* kan met die Hoofredakteur in verbing tree.



U kan gerus u bande versool by . . .

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

**Groot voorraad**

★ **NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

★ **GOODYEAR G 800 loopvlak**

★ **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**


# Doen die Afrikaanse Student genoeg ter uitvoering van die beleid van veelvolkige ontwikkeling?

*Dawie Swanepoel, verteenwoordiger van die Polities-Nasionale Bestuur op die Studenteraad, is verantwoordelik vir hierdie week se bydrae.*

„Dit is die oortuiging van die kommissie dat die ontwikkelings program aangepak moet word in die gees van 'n geloofsdaad . . . " So lui die slotaanhaling uit 'n verslag van bykans sewentien jaar gelede waarin die ont wikkeling van die bantoetuislande op 'n wetenskaplike wyse ondersoek is en wat die beleid van veelvolkige ontwikkeling as 'n moontlikheid aanvaar het.

Dit is teen die agtergrond van hierdie stelling, die huidige omstandighede binne en buite die bantoetuislande die doel waarna gestrewe word en dit wat bereik is waaraan die Afrikaanse student se dade getoets moet word om te bepaal of hulle genoeg doen om die beleid uit te voer.

In die deurvoering van die beleid van veelvolkige ontwikkeling wil die skrywer die volgende aspekte beklemtoon: Daar moet 'n aantal onafhanklike soewereine state binne die grense van die Republiek geskep word vir elke bantoevolksgroep. Daardie gebiede moet nie alleen polities onafhanklik wees nie, maar ook op ekonomiese gebied moet dit aan hulle inwoners en ook 'n groot deel van die bantoe bevolking wat hulle tans in die blanke stedelike en platelandse gebiede bevind, 'n menswaardige bestaan bied.

**GROOT VORDERING.**

Op politieke gebied was daar in tuislande die afgelope dekade skouspelagtige vordering. Die instelling van 'n aantal gebiedsowerhede; die ontwikkeling van sommige gebiede tot op 'n punt waar volle onafhanklikheid byna 'n werklikheid is; die aanvaarding van die beleid deur sekere bantoeleiers en sekere dele van die bevolking dui op die positiewe resultate wat in die verband bereik is.

Aan die anderkant skilder die ekonomiese toestande van die gebiede 'n minder gunstige prentjie. Groot gedeeltes van die gebiede is nog onderontwikkel in die ware sin van die woord. Jare van verwaarlosing en ook die gebrekkige mensemateriaal van daardie gebiede verhinder dat dit sodanig ontwikkel dat dit in staat is om groot getalle bantoes te absorbeer wat buite die bantoegebiede woon.

**VINNIGER EKONOMIESE ONTWIKKELING.**

Dat 'n mens waardering het vir wat bereik is, moet dadelik beklemtoon word, en dat die tallose probleme waarmee die persone moet worstel wat met die ekonomiese ontwikkeling in daardie gebiede gemoeid is, word steeds in gedagte gehou. 'n Feit is egter dat op die gebied van die ekonomiese ontwikkeling die tuislande nog 'n lang pad het om te loop. Dit sal so moet ontwikkel dat dit groter getalle bantoes kan huisves. Sonder ekonomiese onafhanklikheid sal politieke onafhanklikheid van die gebeide nie ons probleme oplos nie.

**STEDELIKE BANTOE.**

Hierdie aspek vestig dadelik die aandag op die ontstellende groot bantoebevolkings wat binne blanke gebiede in die stede en op die platteland saamgetrek is. **Hierdie bantoes word beskou as tydelike inwoners van daardie gebied, en hulle het geen aanspraak op politieke regte in die blanke gebied nie.** Hulle is slegs daar om hulle arbeid te verkoop en kan alleen aanspraak maak op politieke regte in die (vir hulle dikwels vreemde) bantoetuislande.

**GELOOFSDAAD.**

Neem hierby die drukkende (vir die bantoe) maatreëls soos werkreservering, toestromingsbeheer, trekarbeid ens. en dit is duidelik dat hier nie net 'n hoogs onbevredigende toestand heers nie, maar ook 'n potensiëel gevaarlike een. Hierdie beperkende maatreëls moet of weggeneem word of die grootste gedeelte van daardie bantoebevolking in blanke gebiede moet binne die afsienbare tyd binne die bantoetuislande gevestig word. En daarvoor is 'n fenomenale ekonomiese ontwikkeling van daardie gebiede nodig, iets wat aangepak moet word in die gees van 'n geloofsdaad.

**TYDELIK.**

Die huidige toestand is dus nie een wat met 'n ietwat traakmy-nie-agtige houding te versoen is nie. Gebeure in Afrika en ook binne die grense van ons land leer vir ons dat hierdie opset nie nog driehonderd jaar kan voortbestaan nie. Maar veel belangriker, wanneer ons die bestaande aan die Skrifbeginsels van naasteliefde en geregtigheid toets, mag ons die huidige alleenlik as 'n tydelike maatreël beskou.

Op 'n vraag of die Afrikaanse student in hierdie situasie genoeg doen is die antwoord 'n belanglik maklike en onomwonde „nee".

**LOUHEID.**

Dit is onbillik en onwenslik om die Afrikaanse student altyd met sy Engelstalige student te vergelyk. Maar die vuur en die geesdrif waarmee die Engelstalige studente hul standpunte of altans ('n deel daarvan) tydig en ontydig aan andere opdring in hulle handel en wandel, in hulle studentekoerante, in die strate van ons stede, dan is die louheid, onkunde en selfs 'n gees van pessimisme waarmee die Afrikaanse student die beleid, waarvoor hy elke keer stem, benader, teleurstellend en ontmoedigend vir die toekoms.

Kortom, die Afrikaanse student moet meer in die stryd werp om sy standpunt te bevorder en te laat seëvier; sy landgenote en medestudente te oortuig dat in veelvolkige ontwikkeling die formule vir vreedsame naasbestaan in die RSA te vinde is.

**TEMIN DEBAT.**

**Aansluitend hierby besit die Afrikaanse student 'n skynbare onvermoë om politieke beleid te beinvloed en selfs te vorm.** In die ontplooiing van die beleid is daar talle knelpunte en vraagstukke wat van kardinale belang is. Daar word egter selde oor aspekte soos konsolidasie van die tuislande; die tydstip van onafhanklikwording; die tempo van ontwikkeling; die plek van die Kleurlinge en die Indiërs in die beleid van veelvolkige ontwikkeling; groter gebruikmaking van blanke kapitaal in die tuislande; werkreservering en in samehang daarmee die nypende arbiedstekort in blanke gebiede; die toekoms van die stedelike bantoebevolking en onderwys, gedebatteer.

Hierdie is aspekte van die be-

**Vervolg op bladsy 7.**

## Uit die Woord

## *God, die Vader*

*Ps. 103:13: „Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here hom oor die wat Hom vrees."*

*Die gelowige het geen gebrek aan ouerliefde nie. Al sou jy van jou aardse ouers somtyds maar 'n gebrekkige ontferming ontvang, is God vir elkeen van Sy gelowiger die volkome Vader. Sy ontferming is waaragtig. Hy waak oor diegene wat Hom vrees met 'n onbevlekte liefde en mededoë.*

*Ons aardse vaderskap is maar 'n floue afskaduwing van Sy Vaderskap. Toe die mens homself in die sondedood gewerp het en daar nie een aardse vader was wat kon uitred nie, toe was dit ons Hemelse Vader wat tot hulp gekom het.*

*Hy was nie verplig daartoe nie, tog het Hy dit gedoen. Wat geen aardse vader kon doen nie, het Hy gedoen: „Wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos die van 'n arend."*

*Waar jou aardse vader baiemaal iets wil doen vir sy kind, maar nie kan nie, of kan maar nie wil nie, toon dit die gebrekkigheid van die aardse vaderskap. God wil Hom ontferm oor die wat hom vrees en Hy kan dit ook doen.*

D.L.



Die Flornagroep geniet 'n welverdiende rus na die bestyging van die Kransberge en die planting van 'n vlag. Sien berig elders. *Foto: Ben van der Walt.*

# FLORNA GROOTSTE OOIT

**'N LAGGENDE-SINGENDE KLOMP studente het Maandagaand, na 'n naweekuitstappie, op die kampus aangekom — volgens hulle een van die „grootste Flornatoere wat daar nog ooit in die geskiedenis was."**

Onder leiding van die toerouers, mnr. en mev. Frikkie Coetzee, het die sowat 47 studente Vrydagmiddag om twee-uur van die kampus vertrek na Renckenspas, nagenoeg dertig myl van Thabazimbi. Met hulle aankoms het die mans 'n kampvuur gemaak, waarna hulle mekaar beter leer ken het. Die nag het almal onder die blote hemel geslaap. Hoewel fasiliteite 'n bietjie skaars was, het dit geensins aan die gees afbreuk gedoen nie.

Gewapen met 'n lemoen en 'n appel het die toerlede die volgende oggend Kransberg uitgeklim. Bo-op die berg is daar 'n „vlag" (lemoensakkie) gehys as simbool van 'n „vrugtevolle" naweek. Na middagete by 'n bergrivier is die terugtog aangepak. Die dag is afgesluit met 'n kampkonsert om die kampvuur. Aan sangtalent het dit ook nie ontbreek nie, dit het gewissel van samesang tot vertolkings van verskeie operas.

Sondagoggend het elke toerlid sy eie rigting ingeslaan. Na 'n heerlike middagete, om van die „poeding" nie te praat nie, het elkeen die rustigheid waardeer. Die aand het Kobus van der Walt 'n diens gehou.

Maandagoggend is met kos in die bed begin. Die ontbyt het bestaan uit beskuit, koffie en 'n gekookte eier — en koue water vir diegene wat nie kon wakker word nie!

Die tienjarige bestaan van die Republiek is ook deeglik deur die toerlede gevier. Die kransbewoners is ook na die geleentheid uitgenooi waar mnr. At Coetzee as „gasspreker" opgetree het. Die „Magaliesbergse Kommando" het ook aan die feesvieringe deelgeneem.

Die dag was egter gou om en na 'n koppie lekker koffie is die terugtog na Potchefstroom aangepak.

HANDBOEKEKSAMEN:

# Groot Inskrywing — Min Slaag

**'N LAE PERSENTASIE eertsejaarstudente kon vanjaar daarin slaag om die handboekeksamen deur te kom. Slegs 248 (49,3%) van die 578 studente wat geskryf het, het die vraestel geslaag.**

Hoewel 'n damestudent, mej. M. J. Kruger van Kulu, die beste presteer het, het die dames oor die algemeen in die vraestel kleigetrap.

### MEER MANS

Die mans het deur die bank 'n hoër slaag as druipsyfer, met uitsondering van Ons Huis. Die dameskoshuise, aan die anderkant, het 'n hoër druip as slaagpersentasie. In die geval van Karlien en Heide is die druippersentasie ontsettend hoog. In Karlien het 70% gedruip teenoor die 30% wat geslaag het. In Heide slaag 26,3% terwyl 73,7% druip.

### HEIMAT PRESTEER.

As koshuis het Heimat oor die algemeen die beste presteer. Hulle het 'n 100% inskrywing en 'n gemiddelde slaagsyfer van 67,9% gehad.

Uitspan het tweede gekom. Daar was ook 'n 100% inskrywing, en 'n gemiddelde van 55%. Vyf ander (groter) koshuise het ook 'n 100% inskrywing gehad. Hulle is: Over de Voor, Liberalia, Makouvlei, Thaba Jah en Kulu.

### SENIORS.

Vyf-en-Tagtig seniors het vanjaar die handboekeksamen aangedurf waarvan 57% geslaag het. Dertien dorpstudente het ook geskryf. Slegs sewe kon die vraestel slaag.

Volgens mnr. Botter Botha was daar verskeie humoristiese antwoorde. Op 'n vraag wat die verhouding tussen die Sportinstituut en die Sentrale Sport Bestuur is, was die antwoord: Die Sportinstituut slaan die kitaar en die SSB dans. 'n Ander vraag was: Hoe word die S.R. saamgestel? Die antwoord was:

Die Staatspresident benoem ses.
Die Rektor ses
Die Gereformeerde Kerk drie en die
Raad van die Universiteit drie.

# ASB-Afvaardiging Goedgekeur

Die Studenteraad het sy afvaardiging na die komende ASB-kongres in Pretoria aangewys.

Die afvaardiging bestaan uit mnre. Kobus Booyens, Dawie Swanepoel, Botter Botha, Nico Ligthelm, Kobus van der Walt, Alwyn Kraamwinkel en Leo van Schaik.

Die leier van die afvaardiging moet nog aangewys word.

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

BY VOORKEUR
Gebak deur
Turkstra
BY VOORKEUR

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK
„die potchefstroomse boekhandel"
TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM

„Dollies-maar kom eers saam met my Volkskas toe"



Nie 'n sleg plek nie, Volkskas. As jou sleep daardie nuwe fliek *moet* sien, en jou fondse is skraps, vat haar saam Volkskas toe. Lekker stoele vir haar om op te sit terwyl jy geldsake gesels.

Buitendien, as sy jou tipe veer is, moet sy 'n Volkskas-meisie wees. Miskien kry sy jou jammer. Miskien trek sy ook geld en betaal vir haarself.

VOLKSKAS
Beperk
*Waar studente deurkom met geldsake*

# Teken van Swart Magte

**„TEKENS EN SIMBOLE word deur die hele wêreld gebruik om bepaalde geestesstrominge weer te gee. 'n „Nuwe" maar tog ou bekende teken het egter in hierdie tyd sy verskyning gemaak om deur tieners, studente en selfs ekonomiese instellings gebruik te word om die gedagte van „wêreldvrede" te propageer. Die bekende vredesteken verskyn nou al op popfeeste, karnavalle en die plakkate van bevrydingsorganisasies en jeugbewegings", lui 'n verklaring wat deur Colamus uitgereik is.**

Die verslag toon die ontwikkeling van die vredesteken aan vanaf sy ontstaan in ongeveer 67 n.C. Die teken, 'n gebroke kruis met sy dwarsbalk laag na onder en af gebuig, is volgens oorlewering deur keiser Nero ontwerp om die apostel Petrus onderstebo aan te kruisig **en het die simbool geword van die anti-Christelike mag.**

Deur die geskiedenis is die simbool telkens gebruik in die stryd teen die Christene deur keiser Titus en verskeie ander.

**Met die oplewing van die kultus van die Duiwelaanbiders gedurende die Middeleeue word dit die onderskeidingsteken van die „swart magte."** Gedurende die Russiese Revolusie is die teken aangebring op kerkdeure van kerke wat deur die Kommuniste gesluit is.

„Lord Bertrand Russell, so word vertel, het hierdie teken so ontwerp om deur linkse en pro-kommunistiese jeugorganisasies gebruik te word om te betoog teen die oorlog in Viëtnam, ontwapening van die Weste, Suid-Afrika, ens., onder die dekmantel van vrede. Die simbool het ook 'n godsdienstige betekenis verkry as simbool van die Hippiekultus. Wanneer die simbool van die anti-Chris dus oral verskyn, selfs op ons kampus, is dit die verkondiging van die boodskap van die magte wat die kruis van Jesus Christus daad werklik wil verander in die gebroke kruis van die anti-Christen, Nero", luidens die verslag.

● *Die teken wat ter sprake is is natuurlik die een waarna in vorige briewe aan* **Die Wapad** *verwys is. In die volgende uitgawe sal die kommentaar van die Karnavalkomitee oor hierdie aangeleentheid gepubliseer word* — Redakteur.

## Onderwater-Bestuur Gekies

Te midde van groot belangstelling is die eerste bestuur van die nuutgestigde Onderwaterklub verlede week gekies. Die bestuur bestaan uit: J. H. Preller (afrigter en voorsitter), Jesica Knoetze (sekretaresse) en Fanie Leach (penningmeester).

Die klub beoog om gedurende die wintermaande aandag aan die teorie te gee en hou elke Woensdagaand van 7.30 - 8.30 nm. in die Dierkundegebou byeenkomstes waartydens lesings gege sal word.

Daar bestaan 'n soortgelyke klub in Potchefstroom.

## NUSAS PROBEER BEELD HERSTEL

Die President van NUSAS, Neville Curtis, verduidelik in 'n brief aan IIEE (Instituut International d'ETUDES sur l'Education) dat NUSAS 'n veelrassige organisasie is, en dat hoewel SASO weggebreek het, NUSAS nog **de jure** veelrassig is.

Hierdie verduideliking volg op 'n verslag wat opgestel is na die NUSAS-kongres van verlede jaar waarin NUSAS as 'n „all white organisation" beskryf word. Mnr. Curtis gaan verder en maak daarop aanspraak dat die meeste van die SASO-sentra nog by NUSAS geaffilieer is. Daardeur poog hy dan om NUSAS se beeld in AFRIKA as veelrassig voor te hou met die oog op simpatie uit daardie oord. Die redakteur van die blad verwerp mnr. Curtis se aansprake en wys daarop dat die blad se berig gegrond is op eerstehandse feite van verslaggewers wat die kongres bygewoon het. Blykbaar beteken dit vir hom nie veel dat NUSAS slegs **de jure** veelrassig is nie.

## Tuislandgerigtheid

Die inougurele rede van prof. J. J. Henning vind vanaand om 7 nm. in die Konservatoriumsaal plaas. Die onderwerp van die inougurele rede is „Tuislandgerigtheid van Bantoe-administrasie in blanke gebiede."

## OP DIE KOSHUISFRONT

RUGBY: HEIDE EN KARLIEN EWE STERK.

**Die eerste wedstryd in die „Dameskoshuis-rupbyliga" het verlede Donderdagmiddag plaasgevind toe Heide en Karlien 3-3 gelykop gespeel het.**

Die belangstelling was groot veral onder Over de Voor en Dawie Dup se manne. Die wedstryd is aanvanklik deur skop pe (soms is die bal darem raak geskop) aan beide kante ontsier. Later het die dames uitgevind dat 'n bal eerder gehanteer as geskop moet word en het hulle dan ook hulle „ball sense" getoon deur mooi met die bal te hardloop. Karlien se losskakel, Klatie Slabbert, het dan ook soms met kronkellopies vorendag gekom wat vir Piet Roodt onrustig kan stem.

In die skrums het Heide vir Karlien weggestoot, maar telkens het die bal aan Karlien se kant uitgekom. Skrumskakel Johanna de Jager van Karlien het dan ook meer balle uit die skrum gekry (al was dit soms aan Heide se kant) as Magda Brummer van Heide.

In die lynstaane het Heide beter geklap as Karlien en uit so 'n los geklappery het Ansie Kock dan ook die bal ontvang en vyftig treë sterk gehardloop vir 'n skitterdrie. In hierdie stadium was Heide warm en het pal op die aanval gebly.

Hilta Liebenberg, wat die span van Heide op die veld gelei het, het 'n paar keer met sterk lopies vêr veld gewen. As sy 'n ou was het sy dalk vir die Puk rugby gespeel.

Karlien se voorspelers het met meestertegniek vorendag gekom om die bal uit die losskrums te wen — kielie jou opponent. Uit so 'n losskrum het Karlien se agterlyn 'n mooi beweging begin wat geëindig het met kapteine Jessica Knoetze se drie 'n paar minute voor die einde van die wedstryd.

**Skeidsregter Piet Brand het die wedstryd goed hanteer, alhoewel hy strenger kon optree teen die onnodige haretrekkery.**

Op die keper beskou — die wedstryd was vermaaklik genoeg en die mansrugbyspelers kon 'n paar nuwe tegnieke aanleer.

Heide en Karlien eindig dus met 'n drie elk.


**A. VORSTER APTEEK**
(Frans Nel, B.Sc.Farm.)
★
**Octron-gebou**
**Lombardstraat**
★
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074


# FOTO VAN DIE WEEK




Foto: Adrian Weerts.
Kamera: Yaschica Mat 124 2¼ x 2¼.
Film: F. P. 4.
Ontwikkelaar: Kodak D76.
Sonder filter.
Lensopening F8.
Spoed: 1/125.

## UITNODIGING

**Die Wapad nooi alle fotograwe om deel te neem aan 'n fotowedstryd. In elke uitgawe van Die Wapad sal die beste foto uit die inskrywings van die vorige week gepubliseer word. In die laaste uitgawe sal die beste uit die gepubliseerde foto's weer gepubliseer word.**

**Kompetisievoorwaardes:**
**Grootte:** 6" x 8½".
Swart en wit foto's op glanspapier, ongemonteer.
**Alleenlik kunsfoto's sal in aanmerking geneem word. (Geen portretstudies nie).**
**Inskrywings moet vergesel word van die volgende data: Die kamera wat gebruik is; film en filmspoed; lensopening en kameraspoed.**
**Inskrywings kan in Die Wapadbussie geplaas word of by Ben van der Walt of Fotokuns of die voorsitter van die Fotografiese vereniging ingehandig word.**


**AJAX**
**Kerkstraat 159**
**Foon 6175**
★
BOEKE
★
SKRYFBEHOEFTES
★
PLATE



**BULT**
**DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY**
**Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery.**
**Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel.**
**Ons trek binnekort na ons nuwe ultramoderne lokaal te Tomstraat 98.**
TOMSTRAAT 90 TEL. 5574



## Volkspelers tree op

Die PU-Volkspelelaer het tydens die Republiekfesverrigtinge op Olënpark opgetree as bydrae tot die feesverrigtinge. Hulle het enkele volkspeleliedjies gesing en van die spele gedemonstreer.

## POTCH INRY

INRYTEATER

**Vrydag en Saterdag 4 en 5 Junie: Eerste vertoning:**

THE UNDEFEATED
John Wayne en Rock Hudson

★

**Tweede vertoning:**

JUSTINE
Anouk Aimee, Dirk Bogarde

★

**Maandag en Dinsdag, 7 en 8 June:**

BUTCH CASSIDY AND THE SUNDANCE KID
Paul Newman, Robert Redford, Katherine Ross.

★

**Woensdag en Donderdag, 9 en 10 Junie:**

YOUNG BILLY YOUNG
Robert Mitchum, Angie Dickenson, Robert Walker

## GOUE WESTE

**Vrydag en Saterdag, 4 en 5 Junie: Eerste vertoning:**

MISTER KINGSTREET'S WAR
John Saxon, Rosane Brazzi, Tippi Hedren
Niemand 2-12.

★

**Tweede vertoning:**
CORRUPTION
Peter Cushing, Sue Lloyd
Niemand 4-18

★

**Maandag en Dinsdag, 7 en 8 Junie:**
IRMA LA DOUCE
Jack Lemmon, Shirley Maclain
Niemand onder 16

★

**Woensdag en Donderdag, 9 en 10 Junie:**
WITNESS FOR THE PROSECUTION
Tyrone Power, Marlene Dietrich, Charles Laughton

## studentemening

**Vervolg van bladsy 4.**

leid waarmee ons daagliks direk en indirek te doen kry en wat die wese van die beleid raak. Dit is ook sleutelvrae vir die vinniger ontwikkeling van die tuislande en wat die sukses al dan nie van die beleid na die een of anderkant kan beinvloed. Dit is ook vraagstukke waaroor die laaste woord nog nie gespreek is nie. Met die gedurige besigbly met hierdie vraagstukke en die opweging daarvan teen die noodsaak en dringendheid van die oplossing van die bevolkingsvraagstuk kan daar deur die Afrikaanse student welkome vernuwing in die praktiese uitvoering van die beleid te weeg gebring word.

TUISLANDHULP.

**In die derde plek het die A.S.B. met die aanbieding van vakansiewerk in die tuislande 'n hele nuwe terrein geopen.** Dit is net jammer dat hierdie terrein soveel jare onbenut gelaat is, maar vir die toekoms bied dit 'n unieke geleentheid vir dienslewering.

Deur hierdie hulpprojekte kan die A.S.B. iets uitsonderlik tot stand bring en sy kritici doeltreffend die swye oplê. Die Afrikaanse student sal egter met meer inisiatief en verbeelding geaktiveer moet word as wat tans die geval is. Tasbare resultate sal hierdie projekte nie onmiddelik oplewer nie. Daarvoor is die taak te geweldig en die agterstand te groot. Maar die eerstehandse kennis van die omstandighede, die mense, die struikelblokke en les bes, die omvang van die taak wat verrig moet word sal van onskatbare waarde wees. Vandaar die premie op die ASB-leiers dat hierdie projekte eenvoudig moet slaag.

In die laaste plek was daar tot op hede slegs 'n minimale kontak tussen Afrikaanse studente en bantoeuniversiteite. Die tye is blykbaar vir goed verby dat NUSAS en ander linkses die monopolie op die politieke denke van hierdie mense het. Die Afrikaanse studente moet kontak met hierdie universiteite behou en uitbou.

Dat die beleid van veelvolkige ontwikkeling juis hier sy sterkste teenstand gaan kry is reeds duidelik. Deur kontak word daar egter kennis opgedoen en respek bewerkstellig vir mekaar en mekaar se standpunte. Die moontlikheid is selfs nie uitgesluit dat ook hierd 'n potensiële Mantanzima, Schwartz of Mangope kan ontluik nie en dit op sigself is 'n duidelike aansporing om voort te gaan in daardie rigting.

Dit wat hierbo gesê is, is moontlike metodes wat aangewend kan word in die verband. Wat ookal gedoen word, sal moet aangepak word in die gees waarvan hierbo gepraat is.

* Verslag van die Kommissie vir Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van S.A.

## MADAM X

Die beloofde „Madam X" is hier en word eerskomende Saterdagaand in die Totiussaal aangebied.

Die Ekonomiese Vereniging nooi almal uit om hierdie vertonings by te woon. Die toegang is slegs 25 sent per persoon. Daar word staatgemaak op die ondersteuning van die studente by hierdie uiters gewilde rolprent.

Bring maar genoeg sakdoeke saam!

## Omskakeling nog nie Afgehandel

Uit die notules van die Studenteraad blyk dit dat verskeie grondwette nog deur die Studenteraad behandel moet word alvorens die ingrypende veranderings in die georganiseerde studentelewe, wat reeds in 1968 begin het, afgerond is.

Grondwette en reglemente wat nog voor die Studenteraad moet dien is: S.S.B. (Grondwet en Huishoudelike Reglement), die onderliggame van A.B.K.K., sommige komitees uit en van die Studenteraad, A.O.B. se onderliggame en komitees, SAB se Grondwet en Huishoudelike Reglement en die Grondwette van die akademiese verenigings wat onder S.A.B. gepratoneer is.

Die Studenteraad beplan drie spesiale vergaderings met die oog op afhandeling van hierdie werksaamhede.

# PUKKE SÊ HUL SÊ

## MATIES ONTKEN ONBEDAGSAME OPTREDE

Geagte Redakteur,

Ek skryf in opdrag van die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch na aanleiding van u berig„ Onbedagsame Optrede van Studenteraad". (*Die Wapad*, 23 April 1971).

In die berig word 'n weergawe gegee van 'n brief wat deur u Studenteraadsvoorsitter aan ons gerig is. Ons sou die geleentheid waardeer om ook ons mening aan u lesers te stel.

Die Stellenbosse Studenteraad het verlof verkry vir 'n weeklange afwesigheid van klasse, en het 'n toer van die universiteite wat langs die kus op tot in Natal geleë is, beplan, met U.O.V.S. op pad terug ingesluit. Dit was natuurlik onmoontlik om alle Suid-Afrikaanse universiteite binne 'n week te besoek. Met hierdie roete sou die Raad presies 'n week op toer wees, en sou ons op die betrokke Saterdag weer op Stellenbosch kon wees om akademiese verpligtinge in te haal. In Pietrmaritzburg het ons gevoel dat ons graag ook by Potchefstroom besoek sou wou aflê, met ons terugtog een dag uitgestel. 'n Lid van die Raad het u Studenteraad getelefoneer om te verneem of so 'n besoek moontlik sou wees.

Ons was jammer om te verneem dat u Studenteraad hierin onbedagsaamheid bespeur en ons vind dit werklik moeilik om hul stelling „vanaf Pietermaritzburg besluit u toe tog dat ons by u reëlings moet inpas" te begryp.

Ons was op 'n welwillendheidstoer, en daar was by geeneen van die universiteite wat ons besoek het, sprake van „'n grondige beplannings- en voorbereidingsfase" m.b.t. samesprekings nie. Die samesprekings was egter besonder leersaam. U Studenteraad mag hierdie tipe samesprekings nutteloos ag, maar ons vertrou dat hulle ons nie ook hiervoor verkwalik nie.

Ons sou graag wou sien dat inter-universitêre skakeling op 'n grondslag van welwillendheid plaasvind. Dit was in daardie gees wat ons opgetree het.

Hoogagtend die uwe,
DENE SMUTS,
Voorsitster, Openbare Betrekkinge.

## WITSIES OP KAMPUS

Die Studenteraad van Wits word vanmiddag vroeg op die kampus verwag. Soos berig in *Die Wapad* (21 Mei) sal daar samesprekings gevoer word op Studenteraadsvlak. Dit is nog nie bekend wanneer hulle terugkeer Johannesburg toe nie.




# Historiese Toer Afgelas

Die Geskeidenisvereniging het gedurende die eerste langnaweek in Mei, 'n toer na Natal beplan. Hierdie toer kon egter nie plaasvind nie weens 'n gebrek aan belangstelling, wat veral aan die adres van die mansstudente gerig kan word.

Die toneel van Bloedrivier sou besoek word, asook verskeie ander geskiedkundige plekke, en dit sou hoofsaaklik 'n opvoedkundige toer gewees het, alhoewel die ontspanningsaspek nie uit die oog gelaat sou word nie.

Die koste per student was slegs vier rand vir die toer wat vanaf Woensdag die twintigste tot Sondag die 23ste sou duur.



**THALIA se verhoogbestuurder, Jo Fourie, se bure kla dat 'n olifant die buurt binnegevaar het. Geen wonder nie — hy oefen daagliks met sy tuba vir die openingstoneel van „Maltrapstreke uit toeka se dae" wat een van die dae op reis gaan.** *Foto: Fotokuns.*

# LEKKERLAG-REVUE VORDER MOOI

**THALIA TONEELVERENIGING is tans druk besig met die afrondingswerk aan die revue „Maltrapstreke uit toeka se dae".**

Die Voorsitter van Thalia, mnr. Ockie Raubenheimer, tipeer „Maltrapstreke as 'n „lekkerlag revue". Al die gediggies, liedjies en toneeltjies dateer uit die jare 1870-1900 toe Afrikaans nog jonk was. Realistiese dekor en outydse kostuums word beplan om die regte Victoriaanse stemming te skep. Die dames is in vervoering oor die groot verskeidenheid kleurvolle kostuums wat deur Anrie Myburgh ontwerp en deur mev. Fien Fourie gemaak is.

Thalia maak vanjaar geskiedenis deurdat 'n sangkoor van sestien lede ook by die toergroep ingesluit is. Volgens mnr. Abri le Roux, die regisseur van „Maltrapstreke", val die klem van die liedjies wat die sangkoor sing op die woorde van die liedjies wat feitlik deurgaans Afrikaans is. Daar is ook 'n groot verskeidenheid Afrikaanse keurspele wat deur liedjieskrywers uit die vorige eeu geskep is. Andre van Rensburg, die pianiste, het 'n temaliedjie gekomponeer wat natuurlik „Maltrapstreke" heet.

Die klem val vanjaar op vernuwing en die beligting, wat deur Jo Fourie en Roelof Vorster beplan is, beloof om die aanskoulike revue-program verder af te rond. „Maltrapstreke" word op Vrydag 30 en Saterdag 31 Julie in die Totiussaal opgevoer.

UNIEWINKELS

DIE MODERNE WINKEL VIR MODERNE MENSE

VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE

„Die Bult" en Kerkstraat 86 b, Potchefstroom.

## *Studentekoerante Kom Byeen*

Die eerste vergadering van die Afrikaanse Studentepersunie word hierdie naweek in Bloemfontein gehou. Al die Afrikaanse Studentekoerante is by die ersunie wat onder patronaat van die A.S.B. staan, geaffilieer. *Die Matie* van Stellenbosch is egter vanwee die disaffiliasie van Stellenbosch nie geaffilieer nie.

# JONG KUNSTENAARS TREE OP

**Kamermusiekkonsert: o.l.v. Betty Pack.**
**Konservatoriumsaal.**
**Saterdag 15 Mei 1971.**

**DIE KUNSTENAARS in hierdie uitvoering was deur die bank jongmense. Die twee plaaslike kunstenaars; Human Coetzee (tjello) en Piet Koornhof (viool) is egter deur volwassenes begelei nl. Hennie Coetzee en Martie Koornhof.**

Die program is ingelui deur die Kinderorkes en die Juniorstrykorkes, met stukke van Salomon en Bartok. Eersgenoemde is beskrywend van aard en 'n baie goeie keuse vir die jong orkessie. Weliswaar het „Die donkie en die dansende beer" hoë eise, wat suiwerheid en toonkwaliteite betref, aan die eerste viole gestel, Die effense gepiep het egter nie afbreuk gedoen aan die sjarme en oorgawe waarmee die stuk vertlok is nie.

Die Juniororkes het G. F. Handel se Concerto Grosso Opus 6 nr. 1 gespeel. Hier het 'n gebrek aan afronding soms kop uitgesteek in ongelyke invalle en in die tempo, wat in Barokmusiek so belangrik is, wat nie altyd honderd persent was nie.

Begelei deur Martie Koornhof het Pieter Koornhof 'n uitvoering van Mozart se Konsert nr. 1 in G-majeur gegee. Veral in die Allegro-gedeelte het die kleinman se vaardigheid baie duidelik na vore gekom.

Die laaste deel van die program is uitsluitlik aan kamermusiek gewei — en van die belangrikste kamermusiek-komponiste nl. Mozart, Haydn, en Beethoven, se werke is dan ook ingesluit.

Hier kan Human Coetzee se besonder innige vertolking van die eerste deel uit die Sonate in G-mineur, opus 5 nr. 2 van Beethoven uitgesonder word; alhoewel mens soms gevoel het sy handjie is nog te klein om reg aan die moontlikhede van sy instrument te laat geskied.

Gabriella Franco het uitgeblink voor die klavier in 'n werk van Haydn. Dit is egter jammer dat die program uitéraard moes bestaan uit dele van werke — hierdeur is geen eenheid verkry nie en het mens naderhand gevoel dat jy 'n kunswedstryd bywoon.

'n Woordjie van kritiek gaan aan die gehoor. 'n Musiekuitvoering is mos nie so 'n rare verskynsel in Potchefstroom, dat die konsertgangers nou nog nie weet dat daar nie tussen die dele van 'n werk hande geklap word nie . . .

# Voorlopige Vonnis Ontvang Lof

**Voorlopige Vonnis** Jozef van Hoeck.

**Departement Spraakleer en Drama,** P.U. vir C.H.O.

**P.U. Kamertoneel.**

**Regie:** Elize Scheepers.

**Spelers:** Pieter Fourie, Phillip Naude en Annelize Coetzee.

**DIE DRAMADEPARTEMENT het heelwat lof by studente en die algemene publiek ingeoes met die aanbieding van „Voorlopige Vonnis". Hierdie lof is ongetwyfeld verdien.**

Die keuse van hierdie stuk was uiters geskik vir die besondere atmosfeer van die kleinteater. Jozef van Hoeck se drama is geen groot letterkundige produksie nie, daarvoor is dit te fragmentaries, te eenvlakkig en ongenuanseerd. Dit is egter toneelmatig by uitmenendheid en bevat 'n hele aantal briljante tegniese innovasies. Om die rede hang dan ook van die spelers af of dit geslaagd sal wees.

In hierdie aanbieding het die akteurs daarin geslaag om iets besonders van die stuk te maak. Geen uitstaande ster kan uitgesonder word nie. Hierdie is 'n kompliment vir die regisseuse en die drie akteurs, aangesien die samespel baie goed was en dat die een speler die ander nie probeer oorspeel het nie.

Pieter Fourie as die Mens lewer sy gebruiklike briljante spel in 'n uiters veeleisende rol wat 'n voordurende verwisseling van emosie vereis. Sonder om 'n vergelyking met sy vorige optredes te tref, kan gesê word dat sy spel van professionele standaard is. Hy is veral uitstekend as voorsitter van die eksamenraad en as die Britse veiligheidsagent, terwyl hy in die dronktoneel as die Britse sersant egter, miskien ietwat gesukkel het.

Annelize Coetzee as Ilse het pragtig ontluik en veral teen die einde van die speelvak lewer sy lieflike ontspanne spel. Sy het veral in die mosievolle slottoneel geskitter. As 'n debuutoptrede was haar spel beslis op 'n hoë vlak.

Ook Philip as Stefan het goeie spel gelewer. Hy het egter soms oor woorde gestruikel as gevolg van 'n baie vinnige speeltempo. Verder het hy sy rol ietwat onsensitief vertolk en daar was ook geen ontwikkeling in sy karakterbeeling nie. Met die gevolg dat hy effens deur die ander twee spelers oorskadu is, alhoewel hy die eintlike hoofrol vertolk het. Waar Annelize daarin geslaag het om haar algeheel aan haar rol te gee was daar by hom voortdurend 'n verwydering wat hy ook nie met goeie tegniek kon oorbrug nie. Hierdie is egter baie nougesette kritiek. In die geheel was sy spel baie goed en was hy die regte persoon vir die rol.

Die hele aanbieding van „Voorlopige Vonnis" was van die netjiese program tot die gladde verloop van die verhoogbestuur, van die kostumering en decor tot die beligting, smaakvol en pragtig afgerond.

Ten opsigte van die tegniese aspekte moet daar 'n spesiale woord van lof gaan aan Hasie Geldenhuis wat vir die klank verantwoordelik was. Die klankversorging was uitstekend en een van die vele aspekte van die aanbieding wat beslis van professionele gehalte was.

In sy geheel dus 'n aand van besondere toneelgenot. Die dramadepartement en Elize Scheepers kan tevrede voel met 'n heeltemal geslaagde afsluiting van spel in die huidige kleinteater.

## PERKAMENTPRAATJIE

# Heilige eenvoud van dié man

wereld niet ontvlugt was, maar besworen."

Die groot Nederlandse digter, A. Roland Holst het sowat twintig jaar gelede 'n besoek aan Totius gebring. Dit was die eenvoud van hierdie groot man wat hom die meeste opgeval het. Hierdie „heilige eenvoud van die man" sien hy as die rede waarom Totius later die volksgewete beliggaam het.


Hy voel hom nie bevoeg om die waarde van Totius se digterskap te bepaal nie, maar vind dat hy in die digkuns sy menswees verwesenlik — iets wat in die verwarde wêreld van Wes-Europa nouliks meer moontlik is. Totius bly vir hom 'n dienaar wat vir homself niks eis nie: waardig en beskeie, streng teenoor homself, maar toegewend teenoor ander. Die ontroerende vriendelikheid waarmee hy hom in sy beskeie woning ontvang het, sal hom altyd bybly, sê hierdie groot digter uit Europa.


„Prof. Dekker had mij het kleine gebouwtje (nauwelijks meer dan een hut) gewezen, dat de dichter geschonken was door de Curatoren van die Tehologische School, en waar hij de laatse negen maanden aan dat werk (psalmberijming) besteedde Zoals hij zelf getuigde:

„Die heugenis daarvan sal in my gemoed altyd wegsmelt soos 'n sagte salf'. Toen wij buiten het woonjuis afscheid namen, ging ek nog even kijken. Door de late zon verlicht scheen het zoveel ouder dan hijzelf; het had uit de tijd en het land kunnen zijn van die gezangen, die hem als het ware tot altaar werden van zijn offer.

Het was mij het gegeven teken van een inkeer, waarin de barre

# DIE BONT BLADSY





„Toe . . . laat lê die sambreel nou weer iewers!"



### Koeie Voel Bitter Ongelukkig

DIE klant was bitter ontevrede oor die gehalte van die melk. „Ek kan ongelukkig niks daaraan doen nie," verduidelik die melkerybaas. „Dit is die gevolg van die swak gehalte van die veld. Selfs die koeie is bitterlik ongelukkig daaroor. Hulle voel dat hul goeie naam daaronder ly. Ek het self aanskou hoe hulle daaroor staan en huil."

„Dit kan miskien so wees," antwoord die klant, „maar jy kan darem sorg dat hulle nie in die melkkanne staan en huil nie!"

### DOL DEFINISIES

KONING: Hoogbetaalde model vir 'n posseël.
VIS: 'n Kreatuur wat omtrent dieselfde tyd met verlof gaan as die meeste hengelaars.
PARKEERPLEK: Staanplek aan die oorkant van die straat as jy aan die duskant van die straat is.

### Haar Rylisensie

SY het aansoek gedoen om 'n rylisensie. „Het u al ooit 'n motor bestuur?" word haar gevra.

„Al meer as honderdduisend myl," antwoord haar man, „maar sy het nog nooit haar hand aan 'n stuurwiel gehad nie."

# VROLIKE VERE VIR DIE STUDENTENOOI

### GOEDHARTIG

KOSIE se pa het hom geleer om altyd vrygewig te wees. Hy kom een Saterdag tuis en vertel: „Pa, ek het vandag 'n seuntjie bioskoop toe geneem, vir hom roomys, koeldrank en lekkers gekoop en ook sy busgeld betaal."

„En wie is dié gelukkige seuntjie, Kosie?"

„Dis ék, Pa."

### *Liefdesblindheid*

DIE liefde is blind, maar sodra jy trou,
Verdwyn ruim helfte van die blindheid gou:
Jou vrou se helfte word siende gemaak,
Dus sien sy al jou tekortkominge raak.
Maar hare bly steeds onsigbaar vir jou,
Want jou liefdesblindheid bly jy behou.



Een van hierdie gewilde langlyfrokkies is onmisbaar in enige jong meisie se hangkas. Die romp het een plooi en die nek 'n V-hals.

REGS ONDER: Die rokkie links het kort moutjies en 'n groot kraag en slaan voor oop. Dit het twee oulike knope en twee groot sakke rond dit af.

Die pakkie regs is 'n tweestuk en die romp het 'n diep plooi voor. Die bostuk het fopsakkies en 'n netjiese kragie.



# Pukke steeds onoorwonne

## WEN KLERKSDORP 33-16

**DIE EERSTESPAN van Puk het Saterdag sy onoorwonne rekord in Wes-Transvaalse klubrugby behou, toe hulle Klerksdorp op Klerksdorp in 'n voorwesstryd vir Wes-Transvaal teen N.O.K., met 33-16 verslaan het.**

Die skeidsregter moes dikwels hard met beide agttalle praat omdat humeure kort-kort opgevlam het. Die Pukvoorspelers het in die vaste skrums swaar gekry maar in die losspel het hulle genoeg balle gekry om die wedstryd te wen. Verder het Klerksdorp se halfhartige verdediging ook bygedra dat Puk sewe keer agter hulle doellyn kon gaan kuier.

Puk se punte het gekom van drieë deur Hennie Coetzee, James Stoffbergh, Jim van Rensburg, Bernard Bernardo, Piet Roodt, Gerard Botha en Bartho Saayman, Schalk van der Merwe het drie hiervan vervyf en ook met twee strafskoppe geslaag.

In die hoofwedstryd het Eugene van Wyk ook pragtig gespeel en 60 tree genael vir 'n drie nadat hy self gebreek het. Wes-Transvaal het N.O.K. met 18 punte teenoor 9 geklop.

**KORFBAL:**

# Nog vyf in W.-Transvaal se span

**VYF PUKKE IS INGESLUIT in die Wes-Transvaalse Korfbalspanne wat vanaf 28 Junie tot Julie 1971 aan die Suid-Afrikaanse korfbaltoernooi te Nelspruit sal deelneem.**

Die speelsters is:
Hester Smit, Maggie Erasmus, Mona Liebenberg, Burgerine Riekert, Elza de Wet wat ook aangewys is as kapteine van die span.

Die twee Provinsiale spanne speel dan ook vriendskaplike wedstryde teen die volgende unies:

Suid-Transvaal — Saterdag, 12 Junie — te Johannesburg

Vaal Provinsie — Woensdag, 16 Junie — te Potchefstroom.

Vir die Pukke is dit voorwaar 'n groot prestasie, aangesien verlede jaar net twee die Wes-Transvaalspan kon haal.

Nic de Wet, die Pukke se afrigter, is ook aangewys as die Wes-Transvaalspanne se afrigter. Hy sal ook tydens die toernooi as skeidsregter optree.

# RUGBYBEPALINGS

**5 Junie 1971:**

| | | |
|---|---|---|
| P.U. I vs. Rustenburg I. | Park | 4.00 nm. |
| P.U. II vs. Rustenburg II. | Park | 2.45 nm. |
| P.U. III vs. Rustenburg III. | P.U. A. | 2.45 nm. |
| P.U. IV vs. Rustenburg IV. | P.U. B. | 2.45 nm. |
| P.U. 0/20 vs. Rustenburg 0/20. | Park | 1.45 nm. |

**5 Junie 1971 — A-liga:**
Over de Voor vs. Dorp.
Kasteel I vs. Dawie Dup.
Piet Grobler vs. Kasteel II.

**12 Junie 1971:**
Piet Grobler vs. Over de Voor.
Dawie Dup vs. Dorp.
Kompleks vs. Kasteel II.

TINAS MODEHUIS

TEL. 5780 — LOMBARDSTRAAT 55 — TRUSTBANK-DEURLOOP — POTCHEFSTROOM

★ PROBEER ONS VIR AL U BENODIGDHEDE

★ ALTYD DEFTIGE EN AANDDRAG IN VOORRAAD

★ ONS STUUR OP SIG UIT

★ SPESIALE 20% AFSLAG AAN STUDENTE

# op eie werf

Franse 50, Wes-Transvaal 0. Die Franse het Wes-Transvaal van voor tot agter kis gespeel. Nog nooit seker het 'n provinsiale vyftiental so power vertoon nie.

Uit die Wes-Transvaal B — Transvaal B — wedstryd kan afgelei word dat die talent daar is, maar in die A-span was daar groot fout. Het die keurders dan nog nie agtergekom dat Paul Durand nie die beste heelagter in die provinsie is nie? Hy skop goed, maar ai, sy posisionele spel laat veel te wense oor. Schalk van der Merwe van Puk en Gerrie van der Merwe van P.O.K. kan en het al albei beter gespeel as wat Durand nog hierdie seisoen gespeel het.

Jannie Barnard het in die hoofvoorwedstryd goed vertoon terwyl Dirk de Vos hom weer uit die keurders se boekies moes gespeel het. Sommige toeskouers wonder vandag nog of Wes-Transvaal se drie losvoorspelers op die veld was. Albie Bates wat ook op insluiting in die Springbokspan aanspraak gemaak het, kan homself baie gelukkig ag indien hy dit wel haal. Dit raak hoog tyd dat Bernard, wat 'n puik wedstryd in die B-span gehad het, bevorder word A-span toe. Die B-span slotte, Tromp en Piet Brand, het albei ook beter gespeel as hulle eweknieë in die A-span.

**DIE PUKKE.**

Noudat die trane klaar gestort is, kan ons tot Pukrygby terugkeer. As die gemotiveerdheid waarmee Jim en sy manne di laaste drie wedstryde aangepak het, kan voortduur, is die Neserbeker nog 'n trappie nader, maar pasop, menige goeie span het al teen 'n sterker span gewen, net om dan teen 'n swakker span te verloor.

Dan kan daar net vir die Pukmassa dankie gesê word vir hulle ondersteuning die afgelope tyd. Veral in die Puk — Dorpwedstryd het die Puktoeskouers se aanmoediging die deurslag gegee. Kom dus, Pukke, laat ons in die wedstryde wat nog oor is ons span tot oorwinning aanspoor. Sommige toeskouers met net die skeidsregter uitlos, en liewer rugby kyk.

**O/20—RUGBY.**

In die 0/20 rugby is daar soos gewoonlik in die verlede groot diepte. Die agterlyn moet net nie die goeie kanse wat hulle voorspelers aan hulle bied, weggooi nie. Veral die senters is hier die sondebokke. Van Nimrod van Zyl en losskakel Burger gaan daar nog baie gehoor word in Pukrugby.

# OOR DIE ONDERDEUR

Langnaweke!

Lief mense, dis 'n bitter-soete ding. Vier dae van laat opstaan, baie sleep, gesels, inhaal en wasgoed is verby. 'n Toetsweek gelaai van emosies lê voor.

Die spanning wys alreeds as ons na die glimlagte en trane van die op- en uitmakers kyk. Vasbyt en moenie dat spanning julle oorrompel en dwing tot die ewige uitmaak nie.

Die **SR-ouens** soos **Koos Kaffer** en **Jaques Verster** laat weet ook, sleep baie en geniet dit. Ondersoek ook elke padkafee. **Oosterhof** en **Leo** en **Leo** en **Oosterhof** bly nog steeds 'n Oosterse geheim.

Ander gaan kamp weer en word die slagoffers van natuurgebeure — of fratse? — soos die reaksies tussen **Kathy van Rensburg** en **Kobus van der Walt,** asook **Burgert van der Westhuizen** en **Dia-Louise Moller.**

Die bib bly darem maar die sleephoekie, of hoe **Daan** en **Anette, Rina** en **Nico,** en **Herman** en sy aster? Watter een van die tweeling is dit?

**Elmarie le Roux** en **Ferdinand Postma** se bib-begin romanse het gevorder tot die verloofstadium en so-ook die van **Jerry Coetzee** se Fisiologie-aksie.

**Hester Smit** en **James Gouws** het vir **Bets de Jager** en **Albert Froneman** aangesteek en nou is **Annatjie van der Merwe** en **Herman** se koors ook so hoog dat die verlowingsvirus vir **Riana van Heide** ook platgetrek het.

**Sonja du Toit** het weer oorgewerk na **Ina Eksteen** en **Schalk.** Almal van hulle goeie Sternsadvertensie — vir vlekvrye staal en glas. Honderd persent gewaarborg.

Naweke in die koshuis is vir **Annelize du Plessis** en **Annaline Knauts** glo soos **Bernice** sou sê verrukkings! Daarenteen het **Martie de Witt** en **Ronel** soos twee verlorenes op 'n verlate Over-De-Voor plaas gelyk.

Aan **Paul Hoogendyk** wil ek baie welkom terug sê en namens ons almal beterskap toewens. Daaraan sal **Mila** beslis 'n groot aandeel hê.

Dan wonder ons wat sê gekoffiedrinkery dit deesdae is tussen **Ben van Liberalia** en **Martie van Karlien** — „Looks fishy".

**Jan Keller** word glo nou lewens lank gepamperlang deur sy **Plegie Ria** van Bethlehem. Intussen sy mede-slepers van verlange na hulle vêr slepe. Byvoorbeeld **Gerrie van Vuuren** na sy meisie op Graskop, **Jurie de Jongh** en **Henie Vorster** (kamermaats boonop!) na hulle asters op **Vryburg** — o wee! — en **Sakkie Joubert** na syne in **Pretoria.** Geluk met haar graad **Sakkie.** Onthou M.A. volg daarop.

Wie darem nou regtig uithang is onse **Gerrie van Hombre.** **Ou Gerrie** daar is baie ouens wat sal wil weet waar daardie kampus is!

Dit is 'n **A** vir 'n **A** en 'n **B** vir 'n **B.** Daarom reken **Theunie** seker 'n **T** vir 'n T en nou pas **Trudi** darem so goed. Vra maar vir **Monica Roets** en **Mossie** hoe goed die **M vir M** uitgewerk het.

**Loggies** (Johan van Loggerenberg) kla dat sy **Graatjie** (Marietjie van Jaarsveld) — nie sy ribbetjie — al te goed doel gegooi het, en nou sal die Wes-Transvaalse mieliewapen weer menige sleepaksie boikot.

**Pierre** en **Em du Plessis** se transaksie vir ken-mekaar-geleenthede is netso onopsplitsbaar soos **Elsa Oosthuizen** en **Ben van der Merwe** s'n.

Onse mooi-oog **Christine van der Berg** en haar **Piet** sê dat hulle nog goed sonder hulle brille klaarkom.

As **Nic Coetzee** soms so by sy kamervenster uitleun en na buite tuur, wonder ek hoeveel **Elsa Toxopeuse** loop in sy gedagtes by Liberalia verby.

**Dries de Bruyn** en **Mollie Buys** sleep nog vorentoe en **Voniris von Straaten** en **Johan Oosthuizen** tou nog agterna. Sons stop die prosessie by die Kafeteria vir brandstof en dan gaan dit maar weer voort.

**Andre Thiart** se oranje **TP-**Volkssie en **James Joubert** se swart TLN-Volksie het seker toelating tot permanente parkering voor **Klawerhof** gekry? Hoop die was van die kar is gratis!

As mens nie soms jou sonbril opsit teen al die helder lig van sommige slepers nie, sal jy voor jy die beskeies soos **Anette du Plessis** en haar **Danie** en **Elma Mostert** en **Johan** Duvenage se Volksies opmerk, jou tone nerfaf stamp teen „Wimpie se bult" of „Preller-Gedenkwal".

**Uys van Zyl** en **Antoinette Fourie** en ek sê groetnis, en **Elza** en **Nic de Wet** sê trou liewer, dan sleep mens minder en is bloktyd nie so erg nie.

Tata Pukkies,
Geniet den toetsies,
Dat is een plesier . . .
voor den Progffies.

MMmmMM.

**PROVINSIALE LANDLOOPBYEENKOMS:**

# Wes-Transvaal vs. Oos-Transvaal

**DIE VOLGENDE PUK-ATLETE is ingesluit in die Wes-Transvaalse Landloopspan wat môre teen Oos-Transvaal op Witbank te staan kom.**

In die damesspan is ingesluit: Ignatia Bester, Hilta Liebenberg en Jessica Knoetze.

In die juniorspan is Dirk Schoeman en Francois Schutte ingesluit en in die seniorspan is dit Fanie van Zyl, Andries Krogmann, Gawie van Eck en Chris Lodewyk.

Die Spanbestuurder is mnr. Jos Sirakis en mev. Sirakis sal as Chaperon optree.

Die byeenkoms begin om 2.00 nm.

# DAMESHOKKIE LEWER VYF SPEELSTERS

**Van die agt Pukdames wat na die Wes-Transvaalproewe vir die kies van 'n provinsiale span genooi is, is vyf gekies om hulle provinsie te verteenwoordig.**

Die dames is: Nicolene Botha (Pukkaptein), Susan Els, Petro Pretorius, Cornelia Jordaan, en Christine Naude.

Die Wapad word uitgegee vir die eienaars, Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur Interad (Edms.) Bpk., Olënlaan, Posbus 515, Tel. 7184, Potchefstroom en word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville. Tel. 6184, Posbus 406, Carletonville.